## Tabel van Algemene Sitrus Siektes

| Naam van siekte | Identifikasie | Besonderhede | Simptome en skade veroorsaak | Voorkoming/ Beheer |
|---|---|---|---|---|
| **Grondgedraagde siektes** | | | | |
| *Phytophthora*<br>*(Phytophthora citrophthora)* | | • Swamsiekte<br>• Affekteer plantdele onder en bo die grond (wortelstelsels, stamme, takke, blare)<br>• Kom veral voor tydens lang tydperke van reën<br>• Bome in groeimedium wat swak gedreineer is, wat anaërobiese toestande teweegbring, is hoogs vatbaar | • Swak groei, kleiner bome<br>• Voedingstofsteurnisse as gevolg van skade aan voedingswortels<br>• Gummosis | • Sterilisering van groeimedia<br>• Sterilisering van ontkiemings- en saailingbakke<br>• Sterilisering van kwekery-gereedskap en -toerusting<br>• Algemene kwekery sanitasie<br>• Waterbehandeling<br>• Lig plante van grond af op<br>• Gereelde monsterneming en toetsing van groeimedium<br>• Indien positief, kan bome eenmaal behandel word<br>• Indien weer positief toets, moet bome vernietig word<br>• Chemikalieë met voorkomende en helende eienskappe is geregistreer |
| Nematodes |  | • Nematodes kom selde in sitruskwekerye voor omdat groeimedia gesteriliseer word<br>• Plantparasitiese nematodes is baie klein en kan nie met die blote oog gesien word nie<br>• Sitrusnematodes val die wortelstelsels van sitrusbome aan | • Bome het simptome van voedingstekorte<br>• Sigbare skade aan wortelstelsels | • Behoorlike sterilisering van groeimedia<br>• Stuur een maal per jaar monsters na diagnostiese sentrum om getoets te word<br>• Gebruik geregistreerde nematodebeheerders indien groeimediummonsters enige tekens van besmetting toon |

# Tabel van Algemene Sitrus Siektes

| Naam van siekte | Identifikasie | Besonderhede | Simptome en skade veroorsaak | Voorkoming/ Beheer |
|---|---|---|---|---|
| Sitrusswartvlek |  | • Sitrusswartvlek is 'n siekte wat nie in 'n kwekery verdra mag word nie<br>• Infeksie word deur warm vogtige toestande in die somer en die teenwoordigheid van oorvloedige inokulum aangehelp<br>• Die primêre bron van infeksie is spore wat op die grond ontwikkel<br>• Spore word kragtig geprojekteer op blare tydens reën of besproeiing | • Geaffekteerde blare wys selde simptome van die siekte<br>• Indien simptome aanwesig is, wys hulle as klein dooie kolle met 'n grys middelpunt en 'n geel rand | • Dien elke 28 dae goedgekeurde kontak-swamdoders toe in areas waar swartvlek voorkom, as deel van 'n chemiese spuitprogram, wat van die middel van Oktober tot die middel van Januarie verpligtend is in die kwekery<br>• Algemene kwekerysanitasie, en veral die verwydering van blaarafval |
| **Ent-oordraagbare siektes** | | | | |
| Tristeza |  | • Virussiekte<br>• Virus word deur plantluise oorgedra<br>• Swak boomgroei as gevolg van afsterwing en dood van geleidingsweefsel (houtweefsel) by die entlas<br>• Suikers wat deur fotosintese in blare vervaardig word, word geblokkeer en kan nie na wortels vervoer word nie | • Swak groei / skielike swak groei<br>• Verwelking<br>• Insterwing<br>• Blaarchlorose en opkrulling<br>• Heuningkoekagtige vorming<br>• Entlas verkleur<br>• Oormatige groei van entlote<br>• Verdikte bas by entlas<br>• Styseluitputting in wortels<br>• Verlies van voederwortels | • Vektorbeheer (plantluise)<br>• Gebruik voortplantingsmateriaal wat vooraf met 'n matige Trizteza virus geïmmuniseer is |

# Tabel van Algemene Sitrus Siektes

| Naam van siekte | Identifikasie | Besonderhede | Simptome en skade veroorsaak | Voorkoming/ Beheer |
|---|---|---|---|---|
| Sitrusvergroeningsiekte |  | • Bakteriële siekte<br>• Loop uit op 'n chroniese swak groei van sitrus<br>• Sitrusbladvlooi (Citrus psylla Trioza) is die draer van die bakterie | • Blaar-are word aanvanklik geel<br>• Blaarsimptome mag soos sink tekort lyk<br>• Blare is klein, wys boontoe en toon chlorose (vergeling) | • Beheer die vektor (bladvlooi) – daar mag geen tekens van bladvlooi in kweekstrukture in kwekery wees nie<br>• Gebruik voorkomende spuitprogram<br>• Hou bome in insek vrye tonnels<br>• Verwyder bron van inokulum deur die geïnfekteerde bome te verwyder |
| *Exocortis* |  | • Virussiekte<br>• Veral op bome wat op driebladige, citrange en Rangpur-lemmetjie-wortelstok geënt is<br>• Word deur geïnfekteerde enthout versprei | • Afskilfering van bas en verknotting van bome<br>• Sommige kultivars toon tak vlekke, bassplintering, of aar nekrose<br>• Sommige kultivars soos pomelo's, soetlemoen en nartjies kan infeksie sonder simptome hê, maar wanneer dit op sensitiewe wortelstokke geënt word, kan afskilfering van bas en verknotting van bome voorkom | • Gebruik virus-vrye enthout wat van lootpunt enting verkry is<br>• Steriliseer snoeigereedskap |

citrus academy
CRW